**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 4 3 | 9 8 0 9 0 9 2 5 2 | 8 | 9 0 6 2 |


DIE BURGER Jg. 84 Nr. P. 13 Dat. 9 SEP 1998

# Sasria pleit om reserwes te hou

Hein Swart

**KAAPSTAD. – Sasria en die Suid-Afrikaanse korttermyn-versekeringsbedryf het gister in die Parlement 'n sterk pleidooi gelewer vir die opskorting van die Regering se planne om op 'n deel van Sasria se reserwes beslag te lê.**

Die Regering, wat die geld wil gebruik om sy skuldelas van R338 miljard te verklein, is daarvan beskuldig dat hy Sasria se bates wil nasionaliseer onder die dekmantel van privatisering. Al wat hy in werklikheid wil doen, is om Sasria van sy bates te stroop en dan 'n blote dop aan die private sektor te oorhandig.

Hoewel Sasria nie gister sy vroeë dreigement herhaal het dat hy hom op die howe gaan beroep om 'n stokkie voor die Regering se planne te steek nie, het hy gevra dat hy en die Regering die saak uitpraat sodat hulle tot 'n sinvolle vergelyk kan kom. Vorige versoeke van Sasria om met die Regering hieroor te onderhandel, is van die hand gewys.

Mnr. Michael Kuper, Sasria se regsverteenwoordiger, het aan die Parlement se Portefeuljekomitee oor Finansies gesê Sasria vervul 'n noodsaaklike funksie in die ekonomie en hy het sy reserwes van R10 miljard nodig om toekomstige verpligtinge teenoor sy polishouers na te kom. Die Regering het nie aangedui hoeveel van dié reserwes hy vir skuldaflossing gaan aanwend nie.

Kuper het gesê die openbare belang sal die beste gedien word as Sasria toegelaat word om met sy normale sake voort te gaan.

"Die Regering moet óf besluit om Sasria te los soos hy is óf om hom te sluit. Wat hy doen, is om almal te probeer bluf deurdat hy voorgee dat hy Sasria wil privatiseer. In werklikheid wil hy eers sy bates van hom wegneem en dan net 'n dop aan die private sektor gee.

"Dit is 'n gedwonge verwydering van reserwes, die oorname van die bestuur van 'n private maatskappy sonder vergoeding, ongrondwetlik en 'n kortsigtige vernietiging van 'n noodsaaklike instelling."

Daar is veel beter alternatiewe waaroor Sasria met die Regering wil onderhandel. Totdat dit kan gebeur, moet die beoogde wetgewing opgeskort word.

Mnr. Barry Scott, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging, het gesê die Regering se planne met Sasria is niks anders nie as nasionalisasie onder die dekmantel van privatisering. Dit hou ernstige ekonomiese gevolge in deurdat dit nie alleen buitelandse beleggers sal afskrik nie, maar kan lei tot verhogings van tot 500% in Sasria se verskeringspremies.

Mnr. Coen Kruger, Adjunk-direkteur-generaal van Finansies, het aan die komitee gesê die Regering het oor al die jare opgetree as onderskrywer van Sasria nadat die private sektor nie daarvoor kans gesien het nie. Dit is die Regering se plan om Sasria te privatiseer en sy onderskrywingsrol te beëindig.

**TREFWOORDE**

1 Sake Burger
2 Sasria
3 getuienis
4 Kommissie
5 Parlement
6 aansoeke
7 Reserwes
8 opponents
9 beslaglegging
10